

16 Julie

Skrifgedeelte: Job 10:1-18 (OAV)

Fokusgedeelte: Job 10:12

God, ons Skepper, beskerm

Hier kry ons eerstens te doen met Job se vertwyfeling en vrae. Hy gaan selfs sover om 'n klagte teen God by God in te dien (vs 4-7). In sy betoog onthou Job egter weer God se sorg en maak hy 'n pragtige belydenis: "Die lewe, ja, guns het U aan my bewys, en u sorg het my gees bewaak (Job 10:12)". God het hom geskape, bewys guns aan hom en bewaak sy lewe. Hierdie God aanbid ons steeds vandag.

God is ons Skepper. Hy het ons aanmekaar geweef tot 'n netjies voltooide skepsel. Hy het ons hier geplaas en Hy weet waarom elkeen van ons hier op aarde is. Hy ken ons, omdat hy ons begin was.

Op grond van die band wat tussen God en ons bestaan, staan Hy ons ook by. God help, omdat Hy aan ons verbind is. Hy bewys uit genade guns aan ons. In ons Here Jesus het ons die volkome genadegawe van God, die ewige lewe (Rom 6:23). Uit sy volheid het ons alles ontvang, selfs genade op genade (Joh 1:14). God kom met ander woorde as die God wat in 'n verhouding met ons staan en gee aan ons genade op genade.

Dan lees ons sy sorg het ons gees bewaak. God gryp in en beskerm ons lewens. Hierdie woord wat met bewaak vertaal word, word vir die eerste keer gebruik waar God opdrag gee dat die mens die tuin van Eden moet bewaak. Onderhou en bewaar. Ons lewens word deur God se ingrype onderhou en bewaar.

Wat 'n blye versekering kry ons nie hier nie. God skep ons nie net nie, Hy onderhou ons en sy sorgsame hand hou beskermend oor ons toesig. Elke dag van ons bestaan.

Sing: Psalm 91:8 (1936-beryming)

Ds DP Prinsloo (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)